20/92

CG Saaknommer: 460/91

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(APPèLAFDELING)**

In die saak van:

**SIHLE MABASO** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

CORAM: **JOUBERT, KUMLEBEN *et* VAN DEN HEEVER ARR**

AANGEHOOR: **6 MAART 1992**

GELEWER: **13 MAART 1992**

---

**U I T S P R A A K**

**VAN DEN HEEVER AR**

Hierdie is 'n kwasi-appèl ingevolge a 19(12) van Wet 107 van 1990 teen die verpligte doodvonnis in die Witwatersrand Plaaslike Afdeling opgelê aan Sihle Mabaso ("appellant") op 29 September 1988 vir 'n moord gepleeg in die loop van 'n rooftog. Die feite is in detail gerapporteer in S v MABASO AND ANOTHER 1990 (3) SA 185 (A) en dit sou oordadig wees om hulle te herhaal.

Die faktore wat nou tersaaklik is by oorweging van straf is die volgende:

1. Appellant het as lid van 'n groep vertrouelinge opgetree, so 'n mini-bende, bestaande uit sy ouer broer, 'n neef, hy self en 'n vriend, almal oorspronklik van Kranskop in Natal, waarna hulle ook voornemens was om terug te keer volgens wat aan die taxi bestuurder Dhlamini gesê is.

2. Die roof wat gelei het tot mnr Andrade se dood

was nie op die ingewing van die oomblik gepleeg nie. Die vier het op inligting gehandel en op die mees geskikte tyd toegeslaan. Dit was laat namiddag op Vrydag, 26 Junie 1987. Die deure van die slaghuis was reeds toe, maar oorledene, sy 15-jarige dogter Nelia en haar oom was nog besig om die kas op te maak. Voornemende kopers het geklop, is ingelaat en het vleis gekoop en die viermanskap kon onder voorwendsel van wil koop ook toegang tot die perseel kry.

3. Al vier rowers was gewapen, appellant en sy broer met gelaaide pistole, die ander twee met messe. Die kanse van die ongewapende middeljarige sakemanne teen hulle het swak gestaan.

4. Die wapens is ook ruim gebruik. Minstens vyf skote is geskiet. Die sarsie het begin sonder waarskuwing of vooraf dreigemente toe oorledene

se swaer die deur wou oopmaak om die vier uit die perseel te laat. Oorledene is vermoor toe dit lyk asof hy sy swaer, wat by die deur aangeval is, wou te hulp snel. Twee skote het oorledene getref. Hy en sy swaer is beide dood a.g.v. kopwonde.

5. Appellant het sy wapen doelbewus gerig op oorledene. Die dood is met direkte opset veroorsaak.

6. Dat die rooftog nie geslaag het nie is waarskynlik te wyte slegs aan die dogter, Nelia, se gille en nie aan enige skielike gewetenswroeging van die misdadigers nie.

Kortom, ons het te doen met 'n gruweldaad wat berekend en met die oog op gewin gepleeg is.

Advokaat de Beer wat **pro Deo** namens appellant voor ons opgetree het, het aangevoer dat daar voldoende versagtende faktore bestaan om daartoe te lei dat

langtermyn - indien nodig lewenslange - gevangenisstraf ook as 'n gepaste straf beskou kan word en die doodvonnis derhalwe nie as die enigste gepaste straf nie.

Hy wys daarop dat appellant se skolastiese prestasies maar betreklik skamel is. Ek meen nie daardie feit is enigsins relevant nie. Niks dui daarop dat dit 'n rol gespeel het in die gebeure waaroor dit gaan nie.

Die bevinding van die verhoorhof dat appellant se ouer broer, wat beskuldigde no 2 was by die verhoor, 'n leidende rol gespeel het en die inspirasie agter die roof was, staan dalk nie op baie stewige fondament nie. Appellant, omdat hy volgehou het dat hy niks van die voorval weet nie, het nooit te kenne gegee dat dit sy ouer broer was wat hom oorreed het om aan die strooptog deel te neem nie. Ek meen egter dat die verhoorhof se bevinding in die guns van appellant geweeg behoort te

word. Dit kon wel redelik moontlik so gewees het. Dit was die broer wat met die huurmotor gereël het om die rowers te vervoer tot naby hulle prooi. Hy het vóór in die taxi ingeklim. Hy het die sleutel van die geldtrommel gehad waarin die vuurwapens gebêre was, en dit is hy wat reëlings getref het dat 'n buurvrou dit vir hom bewaar.

Wat swaarder weeg en waarop Advokaat de Beer ook sterk steun, is die feit dat appellant, hoewel nie meer 'n kind nie, maar 22 jaar oud was ten tyde van die pleging van hierdie oortredings en volgens die oorkonde geen vorige veroordelings hoegenaamd op sy kerfstok het nie.

Sy verlede toon **prima facie** dus dat hy nie inherent 'n geweldenaar is nie. Op ouderdom 22 jaar staan hy eintlik op die drumpel van die volwasse lewe. Ek meen dat in sy geval lewenslange gevangenisstraf vir die begane gruweldaad, ook 'n gepaste vonnis sou wees

sonder dat dit die gebruiklike oogmerke van strafbepaling misken.

Die doodvonnis word gevolglik tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van lewenslange gevangenisstraf.

L VAN DEN HEEVER AR

JOUBERT AR)
) STEM SAAM:
KUMLEBEN AR)